

Hoofstuk van die dag: Amos 3

> *Net julle, uit al die geslagte van die aarde, het Ek geken; daarom gaan Ek van julle rekenskap eis oor al julle sondeskuld. (vers 2, 2020-vertaling)*

Die 1983-vertaling vertaal in vers 2 die woord “geken” met “uitgekies”. Ons kan ook vertaal “intiem geken” of “liefgehad”. Dis wat God van Israel sê. Die mense van Israel

met wie Amos praat, het verkeerdelik daaruit afgelei dat God daarom saggies met hulle sal werk en dat Hy hulle sonde sal oorsien. Amos is verniet so kwaai, het hulle geredeneer. God is immers die Een wat vir hulle moet uitkyk en hulle moet beskerm, dan nie?
Hierdie manier van dink kom steeds voor, ook onder kerkmense. Mense sê jy kan dit tog nie help dat jy sonde doen nie, dis net menslik. Jy is maar net die produk van jou omgewing en opvoeding. En hoe kan ’n goeie God enige iemand verwerp? Hy sal jou mos ’n tweede kans gee, of hoe? Is God se hoofdoel nie dat almal gelukkig moet wees nie?
Dis hierdie tipe denke wat Amos bestry. Juis omdat God in ’n innige verhouding met hulle staan, kan Hy nie hulle ontrou ignoreer nie. Sy verbondsliefde kom met voorwaardes. Hy verwag van ons liefde terug, en gehoorsaamheid.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026